

ROLBLAAR BEHEERSTRATEGIE

5. VERSPREIDINGSPATRONE VAN ROLBLAAR IN SUID-AFRIKA


5.3 Ewekansige voorkoms van rolblaar in jong wingerde

'n Derde siekte-verspreidingspatroon wat gereeld gesien word, is die teenwoordigheid van ewekansig verspreide rolblaarbesmette stokke (of fokuspunte van stokke) binne jong wingerde (Fig. 1).

Die patroon mag te danke wees aan primêre verspreiding (vanaf buite die wingerd ingebring) a.g.v. die vestiging van plantmateriaal wat reeds deur rolblaarsiekte besmet is.

As die wingerd op dieselfde terrein geplant is as 'n verwyderde siek wingerd, kan die patroon ook wees a.g.v. sekondêre verspreiding (verspreiding binne die wingerd) vanaf a) rolblaarbesmette wingerdopslag, of b) rolblaarbesmette wortels wat in die grond agtergelaat word, of c) virusdraende witluise wat in die grond agterbly.

Die ewekansige verspreiding van besmette stokke kan net met sekerheid toegeskryf word aan besmette plantmateriaal wanneer die nuut gevestigde wingerd op voorheen 'suiwer' gronde gevestig word of wanneer hierdie ewekansige fokuspunte van besmetting gekorreleer kan word met 'n spesifieke kloon/onderstokkombinasie op daardie terrein (Fig. 1).




Figuur 1: Lugfoto van die verspreiding (rooi diamante) van rolblaarbesmette wingerdstokke wat een jaar na vestiging van die wingerd deur ELISA opgespoor is. (Beeld: G. Pietersen, LNR-NIPB)

Ewekansige verspreiding van besmette stokke a.g.v. a) rolblaarbesmette wingerdopslag, of b) rolblaarbesmette wortels wat in die grond agterbly, of c) virusdraende witluise wat in die grond agterbly is moeilik om te bevestig.

Dit vereis gewoonlik 'n deel van die nuwe wingerd anders behandel was om afleidings te kan maak, bv. Figuur 2, waar 'n ongewone ewekansige verspreiding van rolblaarbesmette stokke slegs in een helfte van 'n wingerd voorgekom het, stel voor dat die verspreiding van rolblaar na die nuwe wingerd a.g.v. virusdraende witluise was wat vanaf die vorige wingerd in daardie helfte afkomstig is.

Beheer van hierdie wyse van verspreiding vereis beheer van die vektor in die vorige ou wingerd sowel as deeglike verwydering van alle plantmateriaal (wortels en lote) voor die vestiging van 'n nuwe wingerd, asook streng vektorbeheer in die nuwe wingerd.



Figuur 2: 'n Voorbeeld van ewekansige verspreiding van wingerd-stokke, wat verskil in aantal in twee helftes van 'n wingerd, wat mag wees a.g.v. die herbesmetting van stokke in die wingerd vanaf witluise op besmette oorblyfselwortels of opslag lote, of virusdraende witluise wat oorleef vanaf die voorheen verwyderde wingerd. (Beeld: G. Pietersen, LNR-NIPB)

Hierdie navorsing is befonds deur



Departement Wingerd- en Wynkunde, Universiteit Stellenbosch
Outeur: Prof Gerhard Pietersen (gpietersen@sun.ac.za)